

BEPLANNING VIR AFTREDE - DEUR FAIRBAIRN CAPITAL BELEGGINGSINTELLIGENSIE

Ons belê om verskeie redes, maar die een beleggingsdoelwit wat ons deel, is om vir aftrede te belê. Dit is 'n belangrike saak, aangesien die aftreejare 'n groot deel van ons lewe uitmaak.

Die beleggingslandskap vir aftrede kan in twee breë fases verdeel word:



Hoewel daar min maniere is om die opgeboude kapitaal by aftrede te waarborg, is daar verskeie maniere om hierdie bedrag te optmeer:

Tydens die opboufase


Begin vroeg

Old Mutual se aftreefondsoopname vir 2010 het ontstellende verskille tussen beleggers se verwagtings by aftrede en die realiteit aan die lig gebring. Die bevindings was dat 43% van respondente glo hulle het genoeg geld om af te tree, terwyl net 26% in werklikheid genoeg het, en die meeste mense tree af met 'n pensioen gelyk aan 28% van hul eindsalaris. Die

gemiddelde persoon het minstens 40 jaar om in 'n aftreefonds te belê (met die aanname dat jy begin belê wanneer jy op ouderdom 25 begin werk). Ongelukkig is die gemiddelde tydperk waarin pensioenarisse tot 'n pensioen- of voorsorgfonds bygedra het slegs 27.5 jaar, volgens Old Mutual se opname. Die probleem is dat baie pensioenarisse die krag van saamgestelde rente misloop.

Om 'n redelik eenvoudige voorbeeld te gebruik: as jy vir 40 jaar R1 000 per maand teen 'n nominale koers van 8% per jaar belê, sal jy by aftrede 50% meer kapitaal opgebou het as iemand wat 5 jaar later begin belê het, en ongeveer 130% meer as iemand wat 10 jaar later begin belê het. Hierdie voorbeeld veronderstel egter dat jou bydraes nie oor die 40-jaartydperk toeneem nie. Indien hulle wel toegeneem het, sou die effek aansienlik groter gewees het. Jy wonder miskien waarom die belegger met die 40-jaartydperk so 'n groot voordeel by aftrede het, aangesien die voorsprong maar net 5 of 10 jaar was.

Die grafiek hieronder illustreer die bydraes tot die aftreefonds (van die R1 000 per maand) en die saamgestelde rente (rente wat op rente verdien word).





Die fondswaarde bestaan uit die maandelikse bydraes plus die saamgestelde rente oor die 40-jaartydperk. Vanaf die 16de jaar is die saamgestelde rente wat verdien is, meer as die bydraes wat die belegger betaal het. Teen die einde van die 40 jaar maak die maandelikse bydraes net 15% van die fondswaarde uit – die res is saamgestelde rente wat verdien is. Trouens, as jy na die 16de jaar opgehou het om tot die fonds by te dra (wanneer bydraes gelyk is aan die saamgestelde rente), sou die waarde van die fonds nog steeds meer gewees het as dié van ’n belegger wat 5 jaar later begin het en vir die volgende 35 jaar nog bygedra het. As jy dus uitstel om vir aftrede te begin spaar, selfs net ’n paar jaar, kan dit ’n beduidende uitwerking op die eindwaarde van jou aftreespaarbelegging hê.

Behou blootstelling aan groeibates

’n Belangrike deel van spaar vir aftrede is om seker te maak dat die geld wat opgebou is, teen ’n hoër koers as inflasie groei. Lewenskoste neem elke jaar toe – soms teen ’n taamlik beduidende koers – en beleggers moet seker maak dat hul spaargeld hiermee kan tred hou en hierdie koers selfs kan oortref. Eenvoudig gestel: R100 sal nie vandag dieselfde hoeveelheid en gehalte goedere en dienste koop as wat dit byvoorbeeld vyf jaar gelede kon koop nie.

Een manier om inflasie te klop, is om te belê in bateklasse soos aandele en eiendom, wat gewoonlik inflasie oor die lang termyn oortref. Hierdie bateklasse is geneig om oor die kort termyn onbestendiger te wees, soos ons onlangs gesien het. Om egter net in konserwatiewe bates soos kontant en effekte te belê, sal waarskynlik nie genoeg opbrengste bo inflasie lewer wat vir ’n gemaklike aftrede nodig is nie.

Suid-Afrikaanse bateklasse het oor die afgelope 10 jaar tot einde Junie 2010 die volgende gemiddelde opbrengste na inflasie behaal: aandele 10.5% per jaar, effekte 6.3% per jaar en kontant 4.0% per jaar. Al is riskante bateklasse soos aandele geneig om oor die kort termyn onbestendiger te wees, oortref hulle gewoonlik ander bateklasse oor die lang termyn, en spaar vir aftrede is gewoonlik ’n langtermyn doelwit.

Verminder die risiko in jou portefeulje deur te diversifiseer

Diversifikasie sal ’n mate van beskerming teen onbestendigheid in die mark verleen, sonder om finansiële vryheid by aftrede te beperk. As jy sorg dat jy nie “al jou geld op een kaart plaas” nie, sal dit verseker dat die negatiewe uitwerking van markdalings tot die minimum beperk word. As die mark byvoorbeeld kort voor jou aftredatum in duie stort, sal ’n aandeelportefeulje net so skerp daal, maar ’n gediversifiseerde portefeulje sal ’n kleiner daling ondervind. Ten slotte is dit

noodsaaklik om al die bateklasse (kontant, effekte, aandele en eiendom) by jou portefeulje in te sluit om te verseker dat die beste opbrengste teen ’n aanvaarbare risikovlak verkry word.

Daar is talle gebalanseerde fondse vir beleggers beskikbaar en Fairbairn Capital bied van die beste fondse in die bedryf in die stabiele groei- en gebalanseerde groei-kategorieë van sy Elite-fondsreeks. Hierdie fondse se tipiese prestasieteiken is VPI + tussen 3% en 7%. Aangesien hierdie fondse ’n reële opbrengs nastreef, behoort jou koopkrag maklik met inflasie tred te hou as die fondse hul doelwitte bereik.

Oorweeg minder aggressiewe fondse nader aan aftrede

Namate aftree-ouderdom nader kom, is die grootste oorweging om die groot kapitaalbasis wat jy oor die jare opgebou het te beskerm. Dit is moontlik om minder aggressiewe gebalanseerde fondse te gebruik en steeds die beginsel van diversifikasie te handhaaf. Hierdie fondse belê gewoonlik nog steeds in die groot bateklasse – kontant, effekte, aandele en eiendom – maar het ’n lae blootstelling aan meer riskante groeibates. Dit verminder die risiko in jou portefeulje, sonder om toekomstige opbrengste bo inflasie prys te gee. Dit is belangrik om jou beleggingsbehoefte sowel as jou risikovoorkoor in ag te neem wanneer jy op ’n beleggingsfonds besluit.

Tydens die afboufase (slegs van toepassing op leeftydannuïteite)

Aftrede

By aftrede is die grootste risiko kapitaalbewaring. Indien die inkomstebedrag wat jy onttrek groter is as die opbrengs op jou beleggingskapitaal, begin jy die opgeboude kapitaalbasis wegkwalwer. Dit is belangrik om te onthou dat jou aftreespaar-fonds van drie elemente afhang:

1. Jou (en jou werkgewer se) bydraes
2. Beleggingsopbrengste voor aftrede
3. Beleggingsopbrengste na aftrede

Te veel klem word dikwels geplaas op die beleggingsopbrengste voor aftrede. Die opbrengs op beleggings na aftrede is egter net so belangrik, omdat die aftreejare ’n aansienlike deel van ons lewe uitmaak. Pensioenarisse behoort te oorweeg om in fondse met duidelike kapitaalbeskermingsdoelwitte te belê, wat terselfdertyd die inkomste-opbrengs van die fonds probeer optimeer. As gevolg van die risiko dat jy jou kapitaal kan oorleef, is dit wys om ’n sekere mate van blootstelling aan groeibates soos aandele en eiendom te behou. Daar is verskeie fondse in die Fairbairn Capital Elite-fondsreeks wat vir hierdie doelwit geskik is.

EKONOMIESE OORSIG Deur Felix Ubogu, Hoof van Beleggingsintelligensie

Hoewel die herstel voortduur, dui die verlang-saming in ekonomiese aktiwiteit in die tweede kwartaal daarop dat dit broos bly. Sommige markkomentators meen dat die waarskynlikheid van 'n dubbeldaalresessie toegeneem het. Die waarskynlikheid bly egter redelik laag, wat beteken dat 'n dubbeldaalresessie nie sommer sal gebeur nie. Daar is twee redes hiervoor – eerstens is dit moeilik om 'n Lehman-grootte krisis in die vooruitsig te stel wat vertroue kan vernietig, en tweedens bly sentrale banke en regerings verbind tot die voortsetting van die herstel.

Terwyl rentekoerse in die ontwikkelde wêreld historiese laagtepunte bereik het (amper 0% in die VS, 1% in Europa en 0.5% in die VK), is hierdie konvensionele beleidshulpmiddel van sentrale banke nie nou beskikbaar nie. Onkonvensionele maatreëls soos kwantitatiewe verligting (verhoging van geldvoorraad) en 'n verlaging van die rentekoerse wat op bankdeposito's by sentrale banke betaalbaar is, is egter nog vir sentrale bankiers beskikbaar.

Die groeikoerse van die meeste lande het in die tweede kwartaal afgeneem. In die VS het die groeikoerse tot 1.6% verlangsaam en in China tot 10.3%, op 'n kwartaal-tot-kwartaal-grondslag. Japan se swak groei het meegebring dat China hom verbygesteek het en nou die tweede grootste ekonomie is, en al hoe belangriker raak vir lande wat ryk is aan hulpbronne, soos Suid-Afrika.


Groei het ook in die Euro-gebied verlangsaam, maar danksy Duitsland se beter as verwagte groeikoerse van 2.2% in die tweede kwartaal het die sentrale bank sy vooruitskating vir 2010 tot 3% verhoog. Die Suid-Afrikaanse ekonomie het met 3.2% gegroei in die tweede kwartaal, vergeleke met die 4.6% van die eerste kwartaal.

Daar is steeds kommer oor die waarskynlike impak van besnoeiingsmaatreëls wat daarop gemik is om soewereine skuld in die ontwikkelde wêreld tot meer aanvaarbare vlakke te verlaag. Verskeie Europese lande het bestedingsinkortings en belastingverhogings aangekondig om hul tekorte te verminder. Besnoeiingsmaatreëls is een van die grootste kwellings wat vrese vir 'n moontlike dubbeldaalresessie aanwakker.

Onsekerheid duur voort

Aandele-opbrengste was sedert die begin van die jaar 'n verhaal van twee helftes. Vanaf die begin van die jaar tot einde April is redelike opbrengste behaal. Kommer oor regerings se stappe om hul nasionale skuldvlakke te verlaag, het vrese vir nog 'n resessie laat opvlam. Hierdie vrese het die wins wat in die eerste deel van die jaar behaal is, uitgewis en verliese meegebring. Agt maande na die begin van 2010 is aandele-opbrengste dus nog steeds negatief. Die markte in Asië is besonder swaar getref, en Japan se Nikkei en China se Shanghai Saamgestelde Indeks het heelwat groter verliese gely.

Groot Aandelemarkte (opbrengste vir jaar tot dusver)





Die opbrengsvooruitsigte in lande wat hul nasionale skuld deur besnoeiingsmaatreëls probeer verminder, is nie belowend nie. Gevolglik het ontluikende markte baat gevind by 'n sterk invloed van buitelandse fondse. Dit het bygedra tot die sterk posisie van die rand, wat Augustus op R7.37 teenoor die dollar afgesluit het. Hoewel 'n sterk rand uitvoer knou, het dit gehelp om inflasie ruim binne die teikenband van 3% - 6% te hou. Inflasie het in Julie verder afgeplat tot 3.7%.

Interessant genoeg het verskeie plaaslike gebalanseerde fondse met blootstelling aan aandele positiewe opbrengste gelewer, ondanks die feit dat aandelemarkte sedert die begin van die jaar negatief presteer het. Gebalanseerde fondse word gewoonlik toegelaat om tot 75% van die portefeulje in groeibates soos aandele te belê. Die vermoë om in 'n onbestendige mark positief te presteer, is een van die voordele wat dit inhou om die belangrike besluit oor batetoewysing aan professionele aktiewe fondsbestuurders oor te laat. By Fairbairn Capital roem ons op ons vermoë om bekwame aktiewe bestuurders te identifiseer en ons kliënte die geleentheid te bied om in hul fondse te belê.

Daar is talle onsekerhede in die mark – byvoorbeeld: moet regerings steeds hul ekonomieë stimuleer, of moet hulle eerder op die vermindering van hul tekorte fokus? Gevolglik sal die laaste vier maande van die jaar heel moontlik onstuimig wees. Een manier om die stresvlakke te verminder, is om jou beleggingsportefeulje in oorleg met jou finansiële adviseur of jou makelaar te hersien, om seker te maak dat dit steeds vir jou doelwitte geskik is. Dit is raadsaam om daarna so min as moontlik na die portefeulje te kyk, om paniekerige omskakelings te vermy.

Ons herinner steeds risiko-sku beleggers wat in kontant wil bly dat, alhoewel kontant gemoedsrus gee, die opbrengste oor die lang termyn inflasie net-net klop. Opbrengste op groeibates soos aandele en eiendom het inflasie nog altyd ver oortref oor die lang termyn. Boonop kan 'n swak wêreld ekonomie en lae inflasie die Suid-Afrikaanse Reserwebank laat besluit om die rentekoers by die volgende vergadering van die Monetêre Beleidskomitee te verlaag, en dit sal die opbrengste op geldmarkbeleggings nog verder verlaag.

VERBETERINGS VAN DIE GALAXY KONTANTBESTUURSREKENING (KBR)

Danksy jul waardevolle terugvoer het ons twee nuwe verbeterings aan die Galaxy Kontantbestuursrekening aangebring:

- Jy kan nou kies om jou effektrustuitkerings hetsy in jou fonds of in die KBR te laat herbelê, na gelang van jou finansiële doelwitte.
- Voorheen is 'n outomatiese aanvulling gedoen wanneer daar nie genoeg fondse in die KBR was om 12 maande se fooie en/of inkomste te dek nie. Jy kan nou kies of hierdie aanvulling vir een maand of 12 maande gedoen moet word.

Kontak gerus jou Old Mutual finansiële adviseur of jou makelaar indien jy nog inligting of hulp in verband met jou beleggingskeuses verlang.

Let wel: Hoewel hierdie nuusbrieff met sorg saamgestel is om te verseker dat die inligting hierin korrek is, verteenwoordig dit net 'n oorsig van die besprekingsonderwerpe en as sodanig maak dit nie advies uit nie. Ons stel voor dat jy jou professionele adviseur kontak voordat jy enige besluite neem op grond van die inligting wat hierin vervat is. Fairbairn Capital is 'n elite-diensreëks wat aangebied word deur Old Mutual Investment Services (Edms) Beperk en Old Mutual Lewensversekeringsmaatskappy (Suid-Afrika) Beperk, Gelisensieerde Finansiële Diensverskaffers.

Mutualpark, Jan Smutsrylaan, Pinelands 7405. Posbus 617, Howard Place 7450, Kaapstad, Suid-Afrika.
Tel 0860 300 000, ISR 0860 700 000, Faks 0860 400 000
E-pos service@fairbairncapital.com, www.fairbairncapital.com

Old Mutual Investment Services (Edms) Beperk en Old Mutual Lewensversekeringsmaatskappy (Suid-Afrika) Beperk is Gelisensieerde Finansiële Diensverskaffers kragtens die Wet op Finansiële Advies- en Tussengangersdienste.